basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**VSLA.1**

**VISUELE KUNSTE V1**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

# MIDDAGSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning:

   - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy (paragraaf)
   - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e) (kort opstel)
   - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

10. Skryf netjies en leesbaar.


WESTERN CAPE

## WOORDELYS

**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader:**

| | |
|---|---|
| Analiseer/Ontleed: | 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, kleur, toonwaarde, formaat en komposisie van 'n kunswerk. |
| Bespreek: | Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings. |
| Formele kunselemente: | Die basiese elemente wat gebruik word om 'n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts. |
| Interpreteer: | Analiseer/Ontleed en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| Kontekstualiseer: | Met betrekking tot, of afhangend van, die raamwerk van inligting; met betrekking tot die situasie, tyd/era en plek waarna die inligting verwys. |
| Kontemporêr: | Kuns wat op die voorpunt is vanaf ongeveer die 1970's tot vandag. |
| Motiveer: | Om met bewyse of getuienis te ondersteun. |
| Noem: | Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou mening, asook 'n verduideliking. |
| Verduidelik: | Maak duidelik en gee redes vir jou stelling. |
| Vergelyk: | Toon die verskille en ooreenkomste op 'n geordende wyse binne dieselfde argument aan. |
| Visuele bronne: | Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel voorsien word of waarna in ander bronne verwys word. |

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Beide kunswerke in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b se titel is *Shebeen (Sjebeen)*. Dit weerspieël hoe kunstenaars hulle sosiale, alledaagse lewens ervaar. 'n 'Sjebeen' is 'n gewilde term wat gebruik word vir 'n informele kuierkroeg of drinkplek.

1.1 Verwys na FIGUUR 1a en FIGUUR 1b en skryf 'n paragraaf waarin jy die volgende bespreek:

- Keuse van kleur en die impak daarvan op die kyker
- Gebruik van lig in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b
- Gebruik van die menslike figuur in elke kunswerk
- Die atmosfeer/storie/boodskap wat in elke kunswerk weerspieël word (8)

1.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wat die alledaagse lewe, werk en maatskaplike omstandighede in Suid-Afrika weerspieël en uitbeeld.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Name van kunstenaars en titels van werke
- Formele kunselemente
- Onderwerp
- Styl
- Inspirasie en invloede
- Boodskappe/Betekenis (12)

**[20]**


WESTERN CAPE



FIGUUR 1a: Gerard Sekoto, ***The Shebeen, (Die Sjebeen)***, Sophiatown, gouache, circa 1939.



FIGUUR 1b: Kay Hassan, ***The Shebeen (Die Sjebeen)***, plek-spesifieke installasie wat 'n geprojekteerde beeld op sinkplaat insluit, met agtergrondgeluide uit die alledaagse lewe, 1997.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA-EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

| |
|---|
| John Clarke stel belang in die landskap en geskiedenis van die mense van Suider Afrika. Nicholas Hlobo se werk ondersoek, herdenk en hou verband met sy erfenis en kultuur as 'n Suid-Afrikaner. |

2.1 In die vorm van 'n paragraaf, bespreek die volgende met betrekking tot die visuele bronne in FIGUUR 2a en FIGUUR 2b:

- Visuele ooreenkomste
- Gebruik van verskillende media en tegnieke
- Die gebruik van lyn, sirkels/sirkelvormige vorms en die herhaling daarvan
- Die manier waarop die kunswerke na Afrika-/inheemse kunsvorme verwys (8)


2.2 Skryf 'n opstel waarin jy spesifiek verwys na die kunswerke van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wat hulle Afrika-erfenis uitbeeld.

Jou opstel behoort die volgende in te sluit:

- Name van kunstenaars en titels van kunswerke
- Onderwerp en inhoud
- Stylbenadering
- Invloede op hulle werk
- Boodskappe/Betekenis (12)

**[20]**


WESTERN CAPE



FIGUUR 2a: John Clarke, titel onbekend, houtskool en pastel, datum onbekend.



FIGUUR 2b: Nicholas Hlobo, ***Umthubi,*** eksotiese en inheemse hout, staal, draad, lint en rubberbinneband, 2006.

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, INGESLOTE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's**

| |
|---|
| Kunstenaars gebruik dikwels verskeie beelde as simbole om kommentaar te lewer op sosiopolitieke kwessies. |

3.1 Verwys na die stelling hierbo, bestudeer die beeld in FIGUUR 3a en skryf 'n paragraaf waarin jy die volgende oorweeg:

- Onderwerp en die gebruik van beelde
- Fokuspunt
- Gebruik van kleure/toonwaardes
- Moontlike simbolisme
- Styl en tegniek – oorweeg die manier waarop die figure aangebied is
- Skaal/Verhouding (8)


3.2 In die vorm van 'n opstel, bespreek TWEE relevante kunswerke wat oor onderdrukking en trauma handel.

Sluit die volgende by jou antwoord in:

- Naam(Name) van kunstenaars en titels van werke
- Onderwerp/Tema
- Moontlike kwessies wat deur die werke hanteer word
- Styl van die werke
- Gebruik van formele kunselemente soos kleur, lyn, tekstuur, ensovoorts
- Gebruik van media en tegniek (12)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **Droënaald-ets:** | 'n Drukprosestegniek waar 'n beeld met 'n harde naald met 'n skerp metaal- of diamantpunt uitgekrap word op 'n metaal-/koperplaat. Dit produseer 'n sagte druk. |



FIGUUR 3a: Norman Catherine, ***Witch Hunt (Heksejag)***, droënaald-ets met waterverf, 1988.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| 'n Profeet is 'n persoon wat deur geestelike inspirasie praat, of as 'n vertolker optree deur wie die wil van 'n god uitgedruk word. |

4.1 Skryf 'n kort opstel waarin jy die uitbeelding van die spirituele beelde in FIGUUR 4a en FIGUUR 4b bespreek.

Gebruik die volgende as 'n riglyn in jou bespreking:

- Wat doen die profeet in elkeen van hierdie werke?
- Komposisie
- Styl
- Fokuspunt
- Diepte en perspektief
- Atmosfeer
- Boodskappe/Betekenis (10)

4.2 Skryf 'n kort opstel oor TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wie se werk deur hulle landelike en/of spirituele agtergrond beïnvloed is.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van die kunstenaars en titels van werke
- Gebruik van kunselemente
- Gebruik van materiaal en tegnieke
- Invloede op die kunswerke
- Styl

(10)
**[20]**



FIGUUR 4a: Jakob Steinhardt, ***The Prophet (Die Profeet)***, olie op doek, 1913.



FIGUUR 4b: Billy Mandindi, ***Prophecy III (Profesie III),*** lino-reliëfdrukwerk, 1985.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

FIGUUR 5a en FIGUUR 5b beeld Yinka Shonibare se installasiewerke uit waarin hy visueel 'n 'balanseertoertjie' uitbeeld.

5.1 Ontleed die kunswerke in FIGUUR 5a en FIGUUR 5b deur die volgende riglyne te gebruik:

- Die driedimensionele aspek van elke werk
- Verskille en ooreenkomste
- Gebruik van kostuums
- Gebrek aan koppe
- Verwys na die woord 'balanseertoertjie' hierbo en verduidelik die moontlike boodskappe/betekenisse van die kunswerke. (10)

5.2 Skryf 'n opstel en bespreek enige TWEE kunswerke wat jy bestudeer het waar die kunstenaar(s) multimedia op 'n kontemporêre manier gebruik het.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Naam(Name) van kunstenaar(s) en titels van werke
- Inhoud en gebruik van materiale en tegnieke
- Die gebruik van nuwe media/multimedia om waarde en betekenis tot die kunswerke by te dra
- Moontlike boodskappe wat die kunswerke oordra (10)

**[20]**



FIGUUR 5a: Yinka Shonibare*, **Homeless Man (Hawelose Man)**,* mannekyn, Hollandse wasgedrukte katoentekstiel, leertasse, aardbol en metaalbasis, 2012.



FIGUUR 5b: Yinka Shonibare, ***Girl on Globe* 2** (***Meisie op Aardbol* 2**), area-spesifieke installasie: veselglas mannekyn, Hollandse wasgedrukte katoen, aardbol, 2011.


WESTERN CAPE

## VRAAG 6: POST-1994- DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

| Kunswerke vertel stories oor mense se leefstyle en identiteit. |
|---|

6.1 Beide kunswerke in FIGUUR 6a en FIGUUR 6b vertel 'n storie. Skryf ŉ paragraaf waarin jy oor hierdie stelling uitbrei.

Jy mag die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp/Beeldgebruik
- Komposisie en fokuspunt
- Hoe die gebruik van die medium bydra tot die interessantheid van die kunswerk
- Moontlike boodskappe en temas (8)

6.2 In die vorm van 'n opstel, bespreek die werk van enige TWEE relevante Suid-Afrikaanse post-1994 demokratiese kunstenaars wat hul identiteit ondersoek.

Jy moet die volgende riglyne gebruik:

- Name van die kunstenaars en titels van die kunswerke
- Onderwerp/Temas
- Media/Tegnieke en materiale gebruik
- Formele kunselemente
- Moontlike betekenisse (12)

**[20]**



FIGUUR 6a: Lebogang Kganye, ***The Bicycle (Die Fiets)***, 'n digitaalgemanipuleerde foto van lewensgroot kartonuitknipsels van vergrote foto's, 2013.



FIGUUR 6b: Neo Rauch, ***Abendmesse (Aandkermis)***, olie op doek, 2012.


WESTERN CAPE

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Kunstenaars wat geslagskwessies in hulle werk uitbeeld, het dikwels sterk opinies oor die bevooroordeelde idees van die gemeenskap en die rolle wat van mans en vroue verwag word.

7.1 Vergelyk die visuele bronne in FIGUUR 7a en FIGUUR 7b.

Jou bespreking/vergelyking moet die riglyne hieronder volg:

- Die uitbeelding van die vrou in FIGUUR in 7a en FIGUUR 7b
- Lewer kommentaar oor die weerkaatsing in die spieël in elke kunswerk
- Hoe hanteer die kunstenaars manlikheid en vroulikheid in hulle werke? Gee redes vir jou antwoord.

(6)

7.2 In 'n opstel, bespreek die werk(e) van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wie se werke kommentaar lewer oor geslagskwessies.

Jy mag die volgende gebruik:

- Name van kunstenaars en titels van werke
- Uitbeelding van geslagskwessies
- Kontemporêre elemente en beelde gebruik
- Media en tegnieke

(14)
**[20]**

**Bevooroordeeld:** Onregverdig, omstrede of eensydig



FIGUUR 7a: Édouard Manet, ***Bar at the Folies-Bergère, (Kroeg by die Folies-Bergère)***, olie op doek, 1882.



FIGUUR 7b: Yasumasa Morimura, ***Theater A (Teater A)***, gepixeleerde foto, kleurfotodruk, 1990. Die kunstenaar skep tonele uit beroemde skilderye en plaas homself daarbinne as die sentrale of hoofkarakter.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Voorafvervaardigde huise is 'n betroubare en intelligente oplossing vir beide ons en ons kinders, waar ons die uitdagings van ekologie, ekonomie en energie aanpak. |

8.1 Gebruik die volgende riglyne en bespreek FIGUUR 8a en FIGUUR 8b:

- Gee geldige redes waarom jy die geboue in FIGUUR 8a en FIGUUR 8b inspirerend vind.
- Waarom word die gebou in FIGUUR 8a vrydraend oor die bouterrein laat hang?
- Wat kan die rede wees vir die bou van die interessante dak in FIGUUR 8b? (6)

8.2 Skryf 'n opstel waarin jy ten minste TWEE geboue/strukture bespreek waar die argitek(te) oplossings vir nuwe uitdagings gekry het.

Die volgende moet by jou bespreking ingesluit word:

- Name van geboue en argitekte
- Invloede
- Tyd en koste
- Funksie en terrein
- Omgewingsinvloede
- Gebruik van materiale en konstruksiemetodes (14)

**[20]**

| |
|---|
| **Voorafvervaardiging:** Om 'n gebou of dele van 'n gebou vooraf te vervaardig |



FIGUUR 8a: Sebastián Irarrázaval, ***Caterpillar House (Ruspewoning),*** 'n skeepshouer-gebaseerde gesinswoning wat uitkyk op die Andesgebergte, Chile. Die huis is saamgestel uit 12 skeepshouers wat slaapkamers, leefareas en 'n swembad insluit, 2012.



FIGUUR 8b: Tsai Design, oorspronklike idee van die 15-jarige Marshaam Brink, ***Vissershok Container Classroom project (Vissershok-skeepshouer-klaskamerprojek),*** Du Noon township, Suid-Afrika, herwinde skeepshouers, sement, glas en polistireen, 2012.

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou



FIGURE 8a: Sebastián Irarrázaval, ***Caterpillar House***, a shipping container-based family residence overlooking the Andes Mountain, Chile. The house comprises 12 shipping containers which provide bedrooms, living quarters and a swimming pool, 2012.



FIGURE 8b: Tsai Design, initially conceptualised by 15-year-old Marshaam Brink, ***Vissershok Container Classroom project***, Du Noon township, South Africa, recycled containers, concrete, glass and polystyrene, 2012.

**TOTAL: 100**

Copyright reserved
WESTERN CAPE

## QUESTION 8: ARCHITECTURE IN SOUTH AFRICA

Prefabricated homes are a reliable and intelligent solution for both us and our children, in which we face the challenges of ecology, economy and energy.

8.1 Use the following guidelines and discuss FIGURE 8a and FIGURE 8b:

- Give valid reasons why you find the buildings in FIGURE 8a and FIGURE 8b inspiring.
- Why has the building in FIGURE 8a been cantilevered out over the site?
- What could be the reason for building the interesting roof in FIGURE 8b? (6)

8.2 Write an essay in which you discuss at least TWO buildings/structures where the architect(s) found solutions to new challenges.

The following should be included in your discussion:

- Names of buildings and architects
- Influences
- Time and cost
- Function and site
- Environmental effects
- Use of materials and construction methods (14)

**[20]**

**Prefabricate:** To manufacture a building or section of a building in advance

Copyright reserved

WESTERN CAPE



FIGURE 7a: Édouard Manet, ***Bar at the Folies-Bergère,***
oil on canvas, 1882.



FIGURE 7b: Yasumasa Morimura, ***Theater A,*** pixilated photograph, colour photo printing, 1990. The artist creates scenes from famous paintings and inserts himself as the central/main character.

Copyright reserved

WESTERN CAPE

## QUESTION 7: GENDER ISSUES: MASCULINITY AND FEMININITY

Artists portraying gender issues in their work often feel strongly about prejudiced ideas of society and the expected roles of the male and female.

7.1 Compare the visual sources in FIGURE 7a and FIGURE 7b.

Your discussion/comparison must follow the guidelines below :

- The portrayal of the female FIGURE in 7a and FIGURE 7b
- Comment on the reflection in the mirror in each artwork
- How do the artists address masculinity and femininity within their works? Give reasons for your answer. (6)

7.2 In an essay, discuss the work(s) of any TWO artists you have studied whose work(s) comment on gender issues.

You may use the following:

- Names of artists and titles of works
- Portrayal of gender issues
- Contemporary elements and images used
- Media and techniques

(14)
**[20]**

**Prejudiced:** Unfair, biased or opinionated


WESTERN CAPE



FIGURE 6a: Lebogang Kganye, ***The Bicycle***, digitally manipulated photograph of life-sized cardboard cut-outs of enlarged photos, 2013.



FIGURE 6b: Neo Rauch, ***Abendmesse (Evening Fair)***, oil on canvas, 2012.

Copyright reserved

WESTERN CAPE

## QUESTION 6: POST-1994 DEMOCRATIC IDENTITY IN SOUTH AFRICA

| Artworks tell stories about people's life style and identity. |
|---|

6.1 Both artworks in FIGURE 6a and FIGURE 6b tell a story. Write a paragraph in which you elaborate on this statement.

You may use the following guidelines:

- Subject matter/Imagery
- Composition and focal point
- How the use of the medium adds interest to the artwork
- Possible messages and themes (8)

6.2 In the form of an essay, discuss the work of any TWO relevant South African post-1994 democratic artists that explore their identity.

You must use the following guidelines:

- Names of the artists and titles of the artworks
- Subject matter/Themes
- Media/Techniques and materials used
- Formal art elements
- Possible meanings (12)

**[20]**


WESTERN CAPE



FIGURE 5a: Yinka Shonibare*, **Homeless Man**,* mannequin, Dutch wax-printed cotton textile, leather suitcases, globe and metal base, 2012.



FIGURE 5b: Yinka Shonibare, ***Girl on Globe* 2**, site-specific installation: fibre-glass mannequin, Dutch wax-printed cotton, globe, 2011.

Copyright reserved
WESTERN CAPE

## QUESTION 5: MULTIMEDIA AND NEW MEDIA – ALTERNATIVE CONTEMPORARY AND POPULAR ART FORMS IN SOUTH AFRICA

| FIGURE 5a and FIGURE 5b portray Yinka Shonibare's installation works in which he visually portrays a 'balancing act.' |
|---|

5.1 Analyse the artworks in FIGURE 5a and FIGURE 5b by using the following guidelines:

- The three-dimensional aspect of each work
- Differences and similarities
- Use of costumes
- Lack of heads
- Refer to the words of 'balancing act' above and explain the possible messages/meanings of the artworks. (10)

5.2 Write an essay in which you discuss any TWO artworks you have studied, in which the artist(s) used multimedia in a contemporary manner.

Use the following as a guideline:

- Name(s) of artist(s) and titles of works
- Content and use of materials and techniques
- The use of new media/multimedia to add value to the meaning of the artworks
- Possible messages the artworks convey (10)

**[20]**


WESTERN CAPE



FIGURE 4a: Jakob Steinhardt, ***The Prophet***, oil on canvas, 1913.




FIGURE 4b: Billy Mandindi, ***Prophecy III,*** lino relief-print, 1985.

Copyright reserved
WESTERN CAPE

**QUESTION 4: ART, CRAFT AND SPIRITUAL WORKS MAINLY FROM RURAL SOUTH AFRICA**

| |
|---|
| A prophet is a person who speaks by divine inspiration or acts as an interpreter through whom the will of a god is expressed. |

4.1 Write a short essay in which you discuss the portrayal of the spiritual imagery in FIGURE 4a and FIGURE 4b.

Use the following as a guideline in your discussion:

- What is the prophet doing in each of these works?
- Composition
- Style
- Focal point
- Depth and perspective
- Mood
- Messages/Meaning (10)

4.2 Write a short essay on TWO South African artists whose work was influenced by their rural and/or spiritual background.

Your essay should include the following:

- Name of the artists and titles of works
- Use of art elements
- Use of material and techniques
- Influences on the artworks
- Style (10)

**[20]**


WESTERN CAPE




FIGURE 3a: Norman Catherine, ***Witch Hunt***, drypoint with watercolour additions, 1988.



WESTERN CAPE

## QUESTION 3: SOCIOPOLITICAL ART, INCLUDING RESISTANCE ART OF THE 1970s AND 1980s

| |
|---|
| Artists often use various images as symbols to comment on sociopolitical issues. |

3.1 With reference to the above statement, study the image in FIGURE 3a and write a paragraph in which you consider the following:

- Subject matter and the use of imagery
- Focal point
- Use of colour/tone
- Possible symbolism
- Style and technique – consider the manner in which the figures have been represented
- Scale/Proportion (8)

3.2 In the form of an essay, discuss TWO relevant artworks that deal with oppression and trauma.

Include the following in your answer:

- Name(s) of the artists and titles of works
- Subject matter/Theme
- Possible issues addressed in the works
- Style of the works
- Use of formal art elements such as colour, line, texture, et cetera
- Use of media and technique (12)

**[20]**

| |
|---|
| **Drypoint:** A printmaking technique in which an image is incised into a metal/copper plate with a hard needle with a sharp metal or diamond tip. It produces a soft print. |


WESTERN CAPE




FIGURE 2a: John Clarke, title unknown, charcoal and pastel, date unknown.



FIGURE 2b: Nicholas Hlobo, ***Umthubi,*** exotic and indigenous wood, steel, wire, ribbon and rubber inner tube, 2006.

Copyright reserved 

WESTERN CAPE

**QUESTION 2: SOUTH AFRICAN ARTISTS INFLUENCED BY AFRICAN AND/OR INDIGENOUS ART FORMS**

| |
|---|
| John Clarke is interested in the landscape and history of man in Southern Africa. Nicholas Hlobo's artwork explores, celebrates and relates to his heritage and culture as a South African. |

2.1 In the form of a paragraph, discuss the following with regard to the visual sources in FIGURE 2a and FIGURE 2b:

- Visual similarities
- Use of different media and techniques
- The use of line, circles/circular shapes and the repetition thereof
- The way in which the artworks refer to African/indigenous art forms (8)

2.2 Write an essay in which you make specific reference to the artworks of any TWO artists you have studied that portray their African heritage.

Your essay should include the following:

- Names of artists and titles of artworks
- Subject matter and content
- Stylistic approach
- Influences on their work
- Messages/Meaning (12)

**[20]**


Copyright reserved
WESTERN CAPE



FIGURE 1a: Gerard Sekoto, ***The Shebeen***, Sophiatown, gouache, circa 1939.



FIGURE 1b: Kay Hassan, ***The Shebeen***, site-specific installation including a projected image on corrugated iron, with background sound from everyday life, 1997.


WESTERN CAPE

**ANSWER ANY FIVE QUESTIONS.**

**QUESTION 1: THE VOICE OF EMERGING ARTISTS**

Both artworks in FIGURE 1a and FIGURE 1b bear the title of *Shebeen.* This reflects how artists perceive their social, everyday living. 'Shebeen' is a popular term used for an informal social gathering or a drinking venue.

1.1 Refer to FIGURE 1a and FIGURE 1b and write a paragraph in which you discuss the following:

- Choice of colour and its impact on the viewer
- Use of light in FIGURE 1a and FIGURE 1b
- Use of the human figure in each artwork
- The mood/story/message reflected in each artwork (8)

1.2 Discuss the work of any TWO artists you have studied which reflect and depict everyday living, working and social conditions in South Africa.

Use the following as a guideline:

- Names of artists and titles of works
- Formal art elements
- Subject matter
- Style
- Inspiration and influences
- Messages/Meaning (12)

**[20]**

Copyright reserved 

## GLOSSARY

**Use the following glossary to make sure you understand how to approach a particular question.**

| | |
|---|---|
| Analyse: | A detailed and logical discussion of the formal elements of art, such as line, colour, tone, format and composition of an artwork. |
| Compare: | Point out differences and similarities in an ordered sequence within the same argument. |
| Contemporary: | Cutting-edge art from around the 1970s to the present day. |
| Contextualise: | Relating to, or depending on the framework of information; relating to the situation, time/era and location to which the information refers. |
| Discuss: | Present your point of view and give reasons for your statements. |
| Explain: | Clarify and give reasons for your statement. |
| Formal elements of art: | The basic elements used to create a work of art, such as line, shape, tone, texture, colour, space, composition, et cetera. |
| Interpret: | Analyse and evaluate (give an informed opinion of) an artwork. Contextualise it historically, culturally, socially, politically, et cetera and substantiate your findings by referring to similar specific examples. |
| State: | Give exact facts and say directly what you think – give your opinion, as well as an explanation. |
| Substantiate: | To support/motivate with proof or evidence. |
| Visual sources: | The reproduced images that are provided in this question paper or referred to in other sources. |

Copyright reserved

WESTERN CAPE

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION

In this examination you must demonstrate the following skills:

- The use of the correct art terminology
- The use and implementation of visual analysis and critical thinking
- Writing and research skills within a historical and cultural context
- The placing of specific examples into a cultural, social, political and historical context
- An understanding of distinctive creative styles

Read the following instructions before deciding which questions to answer.

1. This question paper consists of EIGHT questions.

2. Answer any FIVE questions for a total of 100 marks.

3. Number the answers correctly according to the numbering system used in this question paper.

4. Questions appear on the left-hand pages, with visual sources on the right-hand pages.

5. Ensure that you refer to the visual sources reproduced in colour where required.

6. Information discussed in one answer will NOT be credited if repeated in other answers. Cross-referencing of artworks is permissible.

7. Name the artist and title of each artwork you discuss in your answers. Underline the title of an artwork or the name of a building.

8. Write in a clear, creative and structured manner, using full sentences and paragraphs according to the instructions of each question. Listing of facts/tables is NOT acceptable.

9. Use the following guidelines for the length of your answers. Note the mark allocation:

    - 6–8 marks: a minimum of ½–¾ page (paragraph)
    - 10–14 marks: a minimum of 1–1½ page(s) (short essay)
    - 20 marks: a minimum of 2 pages (essay)

10. Write neatly and legibly.


WESTERN CAPE

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONAL SENIOR CERTIFICATE**

**GRADE 12**

# VSLA.1

# VISUAL ARTS P1

**FEBRUARY/MARCH 2016**

**MARKS: 100**

**TIME: 3 hours**

**This question paper consists of 19 pages.**
**This question paper must be printed in full colour.**

# AFTERNOON SESSION

Copyright reserved

WESTERN CAPE